TOULEIER

Dís hoe jy met voëlverskrikkers maak!

Hoofstuk 3 Deel 7

Ons hoor daar is ’n area naby Tondano waar die geisers volop is en die aarde om jou nog borrel van die vulkaangasse en reël om die volgende naweek daarheen geneem te word deur die maatskappy se drywer. Hy tel ons die Saterdag vroegoggend op en ons is gestewel en gespoor vir die dag se uitstappie, kompleet met rugsakpiekniekmandjie gepak met kwartel-eiertjies, baguette toebroodjies met ham en Franse Dijon-mosterd op. Dis toe verder as wat ons gedink het en die rugsak was die helfte ligter toe ons uit-eindelik langs die pad parkeer en begin aanstap deur die ruigtes en yslik bamboesplantasies.

Daar het ons bamboes gesien wat so dik soos ’n man se bobeen en maklik 20m hoog is. Dis plat aarde en oral is daar groot vierkantige lappe rysvelde met hul opgehoopte walletjies rondom elkeen om die water binne en bo-oor die rysplantjies te hou.

’n Swetterjoel voëlverskrikkers groet ons. Die voëls het egter gou agtergekom hierdie poppe hou geen gevaar in nie en die rysboere moes ’n ander plan ontwikkel. Met die nader kom sal ons sien dat sodra die voëls kom land, die voëlverskrikker skielik lewe kry!

Ons merk so ’n afdakkie daar eenkant. Onder hom sit ’n kêrel met ’n goeie uitsig oor al die rysvelde. By nadere ondersoek sou ons sien hulle het by meneer spinnekop gaan afloer. Van sy stelling af is daar ’n hele web van drade en toue wat uitgaan na elkeen van die voëlverskrikkers. Elke een is dan ook so gemaak dat hy of arm swaai of skielik regop kom as sy lyn getrek word.

Om die stelsel nog meer effektief te maak, het hulle ook ’n klomp leë blikke en plate aan van die toue vasgemaak om klank by die verwilderingstegniek te voeg. Die boere en hulle seuns maak dan beurte om heeldag daar te sit om hul oeste te beskerm.

Met die staptog gaan ons ook by talle plantasies aan waar hulle alle soorte spesery soos naeltjies en peperbome kweek. Die hoogtepunt was egter die stoomsuile en borrelende modderpoele wat sommer so tussen die rysvelde geleë is. Mens moet baie versigtig loop en by die afgemerkte paadjies en walle hou want sou jy mistrap, is dit net so goed jy verdwyn in kokende warm dryfsand net om nooit weer gesien te word nie.

Waar die modder meer kompak en droog is, skiet daar met gereelde tussenposes sulke stoom en waterfontein pluime verskeie meter in die lug op vanuit die krake in die grond. Weer kry mens daardie kenmerkende swaer swaelreuk wat met vulkaniese aksie gepaard gaan. Na ’n fotosessie en die res van ons piekniekmandjie se inhoud keer ons terug na die motor net om te ontdek drywer het die sleutels langs die pad verloor.

Beste van ’n sleg saak begin ons toe maar dadelik aanstryk padlangs want ons is in die grammadoelas en sommer baie kilometer ver van die naaste nedersetting.

Laat die middag kom ons in die buitewyke van ’n klein dorpie aangestrompel en uiteindelik ontferm ’n klomp rowwe karakters hulle oor ons lot. Die minibus waarmee hulle ry is sonder deure en klaar propvol trawante van twyfelagtige herkoms. Ons moes maar net klim en die losprys betaal. Dit kos ons al ons kontant sowel as die drywer sin.

In ruil daarvoor is ons darem elk ’n warm bier in die hand gestop en het hulle ons laataand veilig by ons kamp afgelaai.

Hennie Greeff
UITGEWER
Onrusrivier

Om die kampvuur

Boeta, was hulle VERKEERD! (7)

"Die perd is hier om te bly. Die outomobiel is 'n vlietende mode."

- President van Michigan Bank se raad in 1903 aan Henry Ford om nie in die Ford Motor Company te belê nie.

Oom Jan Droëpan sê:
Die ideale gas is iemand wat sy gasheer kan laat tuis voel.

Limeriek

Toe 'n sedige Vrystaatse boer
in die stad na 'n pypdanser loer
gee die oubaas 'n knoop
en sê "Wag, laat ek loop.
Sy laat meer as haar watsenaam roer!"
- Philip de Vos

Sewe dinge wat jy net in Afrikaans kan sê

Engels se woordeskat is een van die grootstes ter wêreld, met meer as 1 miljoen woorde. Daarom behoort niemand mos 'n probleem te hê om die regte woorde te vind nie? Daar is mos baie om van te kies?
Vandag kyk Riaan Grobler van Netwerk24 na Afrikaanse woorde waarvoor daar geen gelyke in die Rooitaal is nie.

7. **kuier**
Volgens *Pharos Aanlyn* is die Engels vir kuier "visit", maar dié woord kom nie naby die betekeniswaarde van kuier nie. Ons almal weet hoe dit voel om 'n hond uit 'n bos te kuier – hoe vertaal jy dit in Engels?

6. **sies**
Om jou afkeuring bekend te maak of te gril is die woord "sies!" ideaal, maar hoe gril 'n mens op Ingels? Die woordeboek se "ugh", "phew" of "bah" is nie naastenby 'n "sies!" nie. (En "sis" tel nie, dis afgelei van sies.)

5. **mos**
"Ek drink mos nie tee nie!" het Casper de Vries al gespot. En gaan soek maar, Engels vir "mos" is daar nie. Mos.

4. **lekker**
Die woord lekker is só lekker en ingeburger dat anderstaliges hom as hul eie aangeneem het. Lekker, man.

3. **ag**
"Ah", "oh", "bah" en "oi" is vier Engelse woorde wat nie die betekenis van "ag" kan weergee nie. "Ag, siestog!" "Ag, kuier nog so 'n bietjie!" "Ag, ek bedoel iets anders..." Om die waarheid te sê, jy sal "ag" gereeld hoor by mense wat nie Afrikaans praat nie.

2. **nè**
Die tussenwerpsel "nè" sal jy nie in Engels kry nie. "They are rich, aren't they?" klink darem nie dieselfde as "Hulle is lekker ryk, nè?" nie. "Nè" is ook een van daardie Afrikaanse woorde wat eintlik al Suid-Afrikaans geword het.

1. **nou-nou / netnou**
Probeer nou vir mense uit die buiteland dié ene verduidelik. Ons Engelse landgenote het al probeer om dié konsep van tyd hul eie te maak met "now now" en "just now", wat mense van oorsee gereeld laat kopkrap.

Wanneer is "netnou"? Ons weet, want dis óns woord daai!

Duskantlander in Anderkantland

Dinge wat ek nooit sal doen nie

Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.

My tante reken ek is effe van lotjie getik om my buite die 'beskawing' te begeef. Sy reken sy's te bang en sou dit nooit waag om in 'donker' Afrika te woon nie. Dit het my lank en diep laat dink of daar enige waarheid in haar woorde steek.

Nou het ek tot die besluit gekom dat daar tog 'n paar dinge is wat ek nooit sou waag nie. Tog is daar 'normale' mense wat hulle inlaat vir baie wilder dinge, elke dag.

Natuurlik het ek dit nog nooit gewaag om van 'n brug af te rekspring nie. Nie dat ek hoogtevrees het nie, ek's sekerlik net te banggat! Heimlik bewonder ek dié wat reeds die spronge gewaag het. Miskien sal ek nog skandes maak voor my sprong en als en almal van banggeit beplas!

Daar is net te veel goete wat ek nog wil aanvang - sê nou die jongklomp knoop die rekke verkeerd of bind my nie styf genoeg vas nie? Dan hop ek sekerlik soos 'n rubberbol doer onder rond, en dan? Wat as ek my stem wegskrik, vir altyd, of oornag spierwit grys word. Nee wat, ek sal maar net kyk – van 'n veilige afstand op vaste grond.

Nooit sal ek op 'n realiteitsprogram toelaat dat harige spinnekoppe oor my loop nie. Definitief sal ek vir geen geld in die wêreld 'n happie van 'n spinnekop of kakkerlak vat nie - yuck, ga, sies!

Slange vrees ek nie, maar oor harige spinnejakels voel ek nie myself nie. Net te veel bene. Oggg, julle moet die rooi of deurskynende Roman spinnekoppe in Namibië sien! Handgrootte, hulle hol nie, maar het so manier om soos 'n tolbos re rol, binne-in die vuur in.

En as jy badkamer toe sluip met 'n lanternlig, lig die twee voorpote op soos antennas, en die blêrrie goed kan spring. Dis my dood. Kyk, my hart trek met 'n punt na Windhoek, maar daai goed weet ek wag my in, selfs die huiskatte en boerboel is katvoet vir daardie spinnejakels. 'n Kollega van my het eendag gesê hy's seker daarvan die spinnekoppe kom agter my stem aan. Ek dink hopeloos te veel aan wollerige spinnekoppe.

“

Haaie lyk net altyd honger
met glasogies en daai
tanne en dan reken ek hulle
is baie vinniger as ek in die water.

Ek sal beslis nie kaalbas voor kameras wil parradeer nie (bedoelde woord-speling). My boud-dimpel wil niemand bekyk nie. Daar is net nie genoeg geld in hierdie wêreld wat my soos 'n dikgevrete Eva op "Naked and Afraid" *Discovery*-programme sal laat verskyn nie.

Haaie reken ek, sal my lekker sappig vind. Ek het na *Jaws* nog nooit weer dieselfde na haaie of die see gekyk nie. Haaie lyk net altyd honger met glasogies en daai tanne en dan reken ek hulle is baie vinniger as ek in die water. Dus bly ek op die land en laat hulle in vrede in die see.

My swak hart; nooit sal ek dit oorweeg om in 'n hok in water soos lokaas te sit en kokodille of haaie te terg nie. Los dit maar vir die wetenskaplikes en adrenalien junkies.

Vreemd dat dat nie een van hierdie goete beskikbaar is in Akkra nie. Die wildste ding wat ek hier in die Ghana kan aanvang is om op die tropiese Kaukum-woud se hangbrûe te gaan stap. Groepe skoolkinders voltooi die hangbrugroete sonder moeite en ek reken dis nie veel van 'n uitdaging nie.

Paasnaweek kan mens in die ooste van Ghana van die Kwaku-rotswand afsweef of spring met 'n sweefvalskerm. Dit is meestal buitelandse rugsakreisigers wat deelneem aan die geswewery.

In Nairobi het ons een aand om 'n kampvuur met Massai-krygers 'n mengsel van melk en bloed gedrink. Nooit sal ek waag om my tante daarvan te vertel nie.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

NUUT OP DIE MARK!

Onthou net om nie te gaan sit nie!

OUMAS WEET ALLES!

Die tante van 80 het die grootste deel van haar lewe een dokter gehad. Toe hy aftree, vra hy haar vir 'n lys van al die medisyne wat hy al vir haar voorgeskryf het.

Terwyl hy deur die lys kyk, sien hy daar is ook 'n voorskrif vir geboortebeperkingspille.

"Mev. Nel, weet jy waarvoor hierdie pille is?"

"Ja, hulle help my om snags te slaap."

"Maar mevrou, hier is absoluut geen bestanddeel in die pil wat jou kan help slaap nie!"

Sy het vorentoe geleun, die dokter op sy knie getik en gesê:

"Ja, ek weet. Maar ek maak elke oggend een fyn en meng dit in my 16-jarige kleindogter se lemoensap. En jy kan my maar glo: Dit help my elke nag rustig slaap."

Jy kan oumas niks vertel nie.

Soms praat ek met myself en dan lag ons altwee daaroor.

MUSKIET

Die muskiet sê vir die waslap: "Dis seker erg om heeldag net so op een plek te lê en uitdroog?"

Waslap: "Wel, ek het darem al gewas waar jy nog nie gesteek het nie."

TOE NIE SY NIE!

Die man gaan supermark toe en merk 'n aantrek-like jong dame wat vir hom waai.

Hy groet terug, maar hy kan nie pluis van waar hy haar ken nie.

"Ken ons mekaar?" vra hy hoflik.

Sy antwoord: "Ek dink jy is die pa van een van my kinders."

Sy gedagtes gaan terug na die enigste keer wat ontrou was.

"Is jy daardie ontklee-danseres van die ram-partytjie? Die een wat ek voor almal op die snoe-kertafel geraps het ter-wyl jou maatjie my met 'n selderytak van agter gepiets het?"

Sy kyk hom kalm in die oë en antwoord:

"Nee, ek is jou seun se onderwyser."

EEN DAG OP 'N REËN DAG

Dit reën al heeldag. Die man wat alleen in die kroeg sit en rook lyk nie lekker nie.

'n Ander ou kom ingestap, stap tot by hom en vra:

"Nee man, hoekom lyk jy so miserabel? Hoekom gaan versuip jy nie jou sorge nie?"

"My liewe kêrel," ant-woord hy terwyl hy sy soveelste sigaret aansteek, "dit sal maar sukkel. Sy is baie groter as ek."

ANDY CAPP deur Smythe

Uit die Wakis

Stories vir die vaak

HOU OP SNORK!
of jou geld terug!
Beperkte aanbou teen R379 elk. Gratis versending. Pas in die mond soos die skerms wat rugbyspelers dra.
Wil jy ôknie snork nie?
Stuur jou navraag aan pos@onsdorp.com met die woord SNORK in die onderwerplyn. Maak net gou want dit kos binnekort weer R590.

Darem nie só hard geval nie!

Die ANC-kandidaat is besig om stemme te werf vir sy party in Putsonderwater toe daar 'n ou met 'n moerse spoed op 'n fiets verbykom.

Hy vang 'n draai, maar misgis hom met die skerpte daarvan en tref die sypaadjie met 'n helse slag.

Die ANC-kandidaat is baie besorg, hardloop nader en vra: "Het jy seergekry? Moet ek jou hospitaal toe vat?"

Die ou sê: "Nee, ek is oukei, dankie."

Die ANC-kandidaat besluit om die geleentheid aan te gryp.

"Jy sal dit nie dalk oorweeg om vir my te stem nie?"

Die ou sê: "Dis gaaf van jou, maar ek het op my gat geval, nie my kop nie."

HENRY KISSINGER
"Golda, jy moet onthou ek is eerstens 'n Amerikaner, tweedens minister van buitelandse sake en derdens 'n Jood."

GOLDA MEIR:
"Henry, jy vergeet in Israel lees ons van regs na links."

Die storie van die kuikentjie

Op 'n dag het die juffrou die storie van die kuikentjie aan haar klas voorgelees. Sy kom toe by die deel waar die kuikentjie die boer waarsku en sy lees:

"Die kuikentjie het na die boer gestap en gesê: "Die lug val!"

Die juffrou vra die klas toe: "En wat dink julle het die boer gesê?"

'n Klein dogtertjie het haar hand opgesteek en gesê:

"Ek dink hy het gesê: 'Wat 'n spul stront! 'n Kuiken wat kan praat!'"

Die klas het eers tien minute later weer aan die gang gekom.

Vlieënier se goeie gelukkie

Eens op 'n dag het 'n vlieënier 'n pragtige feetjie gevra om met hom te trou.

"Nee!" het sy geantwoord.

En die vlieënier het eers op 'n hoë ouderdom baie gelukkig gesterf.

Hy het die wêreld oor gevlieg en warm karre bestuur en skraal lugwaardinne met groot tieties rondgejaag.

Hy het ook gejag en gehengel wanneer hy wou.

Hy het topless bars besoek en met vroue jare jonger as hyself uitgegaan, Duitse bier en Captain Morgan rum gedrink en is nooit aangeskryf vir onderhoud nie.

Sy huis en sy wapens het in sy besit gebly en hy het gereeld oorskietkos, tjips en sousbone geëet en yslike poepe gelos en soms aan die brand gesteek.

Hy is nooit verkul nie en sy vriende en familie het hom bewonder en hy het baie geld in die bank gehad en die toiletsitplek bo gelos.



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

Die president se vrou se koek verdwyn

Michiel se storie

BEHALWE vir sy ander pligte het die Staatspresidentswag (SP) ook om die beurt in Pretoria en die Kaap by die Staatspresident se woning wag gestaan. Dit was lekker in die Kaap: drie weke se verlof.

As ons by die president gaan wagstaan het, was ons ses plus ’n onderoffisier. Die een wag staan by die slaapkamer en die ander een by die kombuis. So staan die een groep die een Saterdag in die Kaap wag.

Die SP se kok het die middag die heerlikste tert gebak. Die man sit toe die tert op die vensterbank om af te koel. Die president se vrou sou die middag gaste vir tee gekry het.

Net nadat die wagte omgeruil het, het die ou wagte terug gekom, mekaar opgetel en die tert verlos van waar hy op die vensterbank gestaan het.

Hulle is na die wagkamer en vaar in die tert in. Hulle los vir die twee manne wat aan diens was darem ook ’n stukkie tert.

Net so na vieruur die middag kom die president se vrou se gaste daar aan. Die kok soek die tert en daar is niks. Weg. Gelukkig het hy iets anders êrens gehad en die belangrike gaste het darem iets saam met hul tee gehad.

Daar was agterna groot stories oor die tert. Gelukkig het die president se vrou ’n sin vir humor gehad en moes die manne net die bestanddele vervang.

Die stafsersant was ook so half beïndruk met die manhaftige diewe, want hy is na die basis se kokke toe en het daar vir ons al die bestanddele gaan byme-kaar maak.

Een van die destydse rowers is vandag ’n geëerde en gerespekteerde skoolhoof by ’n groot skool.
As sy leerlinge maar net geweet het . . .

NOG EEN OOR BLONDIE

Die blondine het 'n baie sterk vermoede gehad dat haar kêrel haar met 'n ander meisie verkul, en gaan koop toe vir haar 'n pistool.

Gewapen gaan lê sy 'n onverwagte besoek by sy woonstel af, en betrap hom met 'n rooikop in sy arms. Sy maak haar handsak oop, haal die pistool uit, word deur hartseer verswelg en hou die pistool teen haar kop.

Die kêrel skree: "Nee, Liefie, moenie dit doen nie!"
Die blondine antwoord: "Sjarrap, jou tweegesig, jy is volgende!"

Die meeste mense verdien mekaar.

Rig jou navraag vir bestellings aan vryskut@spektrum.co.za

Die ideale geskenk vir jou kleinkinders!

Hierdie program is in die 1990's op SAUK-TV uitgesaai en bevat die kinderliedjies wat Africana geword het: Die Lappop, Die Dapper Muis, Die Skoenmaker, Die Kokodil – elf in totaal.
Hierdie DVD is die ideale geskenk vir almal met kleinkinders wat net 'n Engelse dieet gevoer word.

Stamboom

ONSDORP se
afdeling vir familiesoekers

Dié maand se van: DE BEER

Ek sal graag meer wil uitvind van my familie en oorsprong. Ek is die jongste van die kleinkinders soos ek verstaan. My oupa se naam is Jan de Beer getroud met Deborah de Beer, nooiensvan Papenfus. Hulle was woonagtig in die Wolmaransstad-gebied, oorlede en begrawe in Greenhills Ranfontein. Het 7 seuns gehad: nl Casper de Beer, Jan De Beer, Cobus De Beer, Julius de Beer, Ben de Beer, Nico de Beer, Andre de Beer. Enige inligting oor enige van die familielede sal opreg waardeer word. My kontaknommer is **079 653 2385** **rdebeer6@gmail.com**

Die jongste navrae op ons webwerf gaan oor: Acker, Barnard, Botes, Fouché, Hattingh, Jansen van Rensburg, Kotzé, Kleynhans, Kock, Riekert, Rossouw, Palmer, Lochner, Uys Tippetts, Greyling, Van Niekerk en Pretorius.

Gaan loer gerus ons webwerf of jou jy dalk kan help met inligting oor jou eie van: www.onsdorp.com/stamboom Die wagwoord is: **boomstam**. (gebruik hom in beide ingangblokkies wat jy moet invul).

♦♦"Die mens is op aarde geplaas om 'n sekere hoeveelheid werk te doen. Op die oomblik is ek so ver agter ek sal nooit doodgaan nie."

♦♦"Ons kan nie almal helde wees nie, iemand moet langs die pad staan en hande klap."

Eendag in die biologie-klas

Die biologie-onderwyser wil kyk of sy studente hulle voorgeskrewe teks gelees het. Hy vra Sannie Louw om op te staan.
"Kan jy my vertel watter deel van die liggaam vergroot tot tien maal wanneer dit geprikkel word?"

Sannie bloos erg en gaan aan die giggel, maar kry nie 'n antwoord uit nie.

"Sit asseblief, Juffrou Louw! Juffrou Smit, weet jy miskien wat die antwoord is?"
"Ja, Meneer, dis die oog se pupil."

"Mooi! Juffrou Louw, sal jy asseblief weer staan? Vir jou het ek drie dinge om te sê: Jy het nie jou huiswerk gedoen nie. Jy het 'n vuil verbeelding. Jy is in vir 'n groot teleurstelling."

Jannie se pa verduidelik wat politiek is

Jannie gesels een aand met sy pa en vra hoe politiek inmekaarsteek.

"Nou goed dis hoe dit werk, sê sy pa:

"Ek verdien geld, dus is ek die Kapitalis. Jou ma administreer die geld wat ek inbring, dus is sy die Regering.

"Jou Ouma hou alles wat hier aangaan fyn dop, dus is sy die Vakunie.

"Ons huishulp is die Werkersklas. Ons wil almal vir jou gelukkig hou, dus is jy die Publiek. Jou noetie wat nog doeke dra en in die kot is, is die Toekoms."

Die volgende oggend se Jannie vir sy Pa: "Ek het nou mooi gedink oor wat pa gesê het, en ná gisteraand verstaan ek dit nou beter."

"Wat het dan gisteraand gebeur?" wil sy pa weet.

"Boetie het gehuil omdat sy doek vuil was. Ek het vir mamma gaan roep, maar kon haar nie wakker kry nie.
"Toe besluit ek om die Huishulp te roep maar sy en pappa was besig in haar bed.

"Ouma het by die venster gestaan en afloer. Ek het geroep, maar nie een van julle het my gehoor nie."

"Maar nou verstaan ek: die Kapitalis misbruik die Werkersklas, terwyl die Regering slaap. Die Vakunie kyk toe, maar doen niks daaromtrent nie. Die Publiek word geïgnoreer, terwyl die Toekoms in die k—k is!"

AGTEROS

Net voor uitspantyd

Dit is goed dat jy weer gekom het, Herfs, net toe ek dink die somer gaan nooit einde kry nie en die hitte nooit wyk nie.

Deur ESTELLE DE BRUYN

DIE herfs het vanjaar saggies gekom. Ongemerk het hy in die nanag deur die kamervenster gekruip en op my kussing kom sit. Herfs in Namibië is 'n skaam seisoen.

Anders as in Europa en Amerika, waar die herfs ronddans in 'n veelkeurige gewaad van goud, oranje, geel, bruin en koper, is die plaaslike herfs maar inkennig. G'n niks opspraakwekkends of vertonerig nie. Sku en effe windverwaai is ons herfs.

Hier by ons verander die seisoene met 'n geleidelike, skalkse beweging wat jy skaars merkbaar uit die hoek van jou oog kan sien, al let jy noukeurig op en konsentreer jy so wat jy kan.

Aan die beweging van die blare en die ritseling tussen die takke van die frangipani in die vroeë oggendure, voel jy die herfs.

In die verlate voëlnessies sien jy hom.

In die smaak van heuning proe jy hom en in die geur van vars kruisement, marjolein en tiemie in die kruietuin ruik jy die herfs soos hy suutjies sy intrek in jou tuin neem. En in die klank van 'n onverwagte reënbuitjie op die sinkdak kort voor sonsonder hoor jy hom.

Sonder ophaal en trompetgeskal het die somer plek gemaak vir die herfs.
Ek lees weer opnuut John Keats* en sy ode aan die herfs. Dit is asembenemend mooi in 'n noordelike halfrond konteks, maar vreemd, oningelig en onvanpas vir ons suidelike Afrika herfs. [http://www.bartleby.com/106/255.html]

Ek sien 'n Engelse landelike herfs as ek Keats se woorde oor my tong laat spoel en ervaar nie die plotseling koel nasomer-briesie wat my onverwags op 'n Donderdagoggend verras as ek my voordeur in Windhoek oopmaak nie. Skielik besef jy, weet jy sonder wonder: die herfs is hier.

Het ek tog maar die woorde van 'n digter of 'n romanskrywer wat timmerend voor sy spreekwoordelike stuk marmer kon sit en die nuanses van die seisoen uit die klip terg!

Kon ek maar net die letters vind sodat ek die woorde kon bou om die varsheid in my gemoed met die koms van die herf vas te pen! As ek net die skanse, wat daaglikse harde, feitelike verslaggewing oor koue gebeure en politieke geradbraak in my skryfvingers ingebou het, soos onkruid uit my tuin kon pluk, sou die woorde dalk kom.

Maar hier sit ek, vasgenael voor die klawerbord van my rekenaar met my vingers wat stram teen die sleutels beur in 'n magtelose poging om die ligte fladdering van die herfs in my hart op skrif te stel en met ander te deel.

Ek dans in die herfs, ná die versengende wit en blou somerdae bes gegee het en voor die winter jou kom toevou met sy dik jasse en versmoor met sy kunsmatige hitte.

Ek draai tiekie om die hoek van die seisoene en klik my skoene se hakke op die houtvloer sodat ek die klank van die herfs in my gebeendere kan ervaar. Ek gooi sommer vir niks my arms in die lug en snuif gulsig die smaak van die herfs in as ek douvoordag uitstap op my stoep.

Dit is goed dat jy weer gekom het, Herfs, net toe ek dink die somer gaan nooit einde kry nie en die hitte nooit wyk nie. Dit is lekker om jou hier te hê. Bly asseblief lank vanjaar. Die winter kan wag.

As jy 'n INTEKENAAR is, kan jy hier klik vir KAMMANUUS EKSTRA:
www.onsdorp.com/ekstra.html